

KOMMUNIKAMMA 23 JANUARIE 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Skriflesing: Nehemia 8:1-13

Tema: God wil elke dag met ons gesels.

<https://youtu.be/ispjyJPYBwo> Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

08:30 EIETDSE DIENS EN KLEUTERKERK

10:00 KATEGESE

Vandag is die afskop van ons kinder en tienerbediening. Ons nooi alle laerskool kinders (graad 1 tot 7) en ouers om 10:00 in die saal bymekaar te kom. Die jeugmentors sal daar voorgestel word en kinders gaan in klassies verdeel word.

10:00 KLASSIEKE DIENS

Die deurdankoffer vandag gaan vir Sinodale Dankoffer Jeugbediening

18:00 JEUGDIENS

Dit is vanaand die afskop van die hoërskool kategeese. Alle ouers en hoërskool jeug (gr 8 tot gr 11) word uitgenooi na die geleentheid. Belangrike inligting vir die jaar sal deurgegee word. Jeugmentors sal voorgestel word en kinders gaan in klassies verdeel word.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuz8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.

STILTETID- OF HUISGODSDIENS MATERIAAL

Op ons gemeente se webblad is die volgende materiaal beskikbaar:

- Saamstap Stiltetid vir elke maand word beskikbaar gestel. Ons lees hierdie jaar deur die Ou Testament.
- Kerkjaar tekste wat aansluit by die weeklikste tema's waaroor ons preek
- Huisgodsdien op Toep

Die Dink Jeug Familie Toep bied daaglik (Maandae tot Vrydae) 'n 5 minute klankgreep (podcast) waarin 'n storie vertel word en 'n teks gelees word met 'n paar geselsvrae waaroor 'n gesin kan gesels. Daar is ook elke dag 'n gebedswenk en 'n doen-idee vir kinders, tieners en families om saam te doen. Die toep se inhoud is so

geskryf dat kinders van verskillende ouderdomme saam daarna kan luister en daaroor gesels. Elke week het 'n bepaalde teks en tema met stories wat aansluit by kinders se leefwêreld. Dit is dus die moderne gesin se ekwivalent van "huisgodsdien".

Hoe werk dit? 'n Mens laai die toep gratis by Google Play of Apple iStore op jou foon af. Elke dag is daar 'n vars oordenking om na te luister met 'n halt (pause) knoppie wanneer julle as familie verder oor die teks of vrae wil gesels of saam wil bid. Dit neem 'n familie ongeveer 10-15 minute om dit te doen en dit kan soggens of saans of selfs in die motor na geluister word. Die toep het ook agtergrondinligting en skakels in oor die tema/teks vir dié wat meer wil weet. Die tekste wat gebruik word, sluit gewoonlik aan by die leesroostertekste wat deur ons gebruik word vir preektemas.

Maandag 24 Januarie

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

17:30 MUSIEKBEDIENING

19:00 GEMEENTEBEDIENING

Woensdag 26 Januarie

Voedselhelp aan PE-Noord

Skenkings sal voortaan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende 2 weke kan jy met Willie Swanepoel kontak (sel 082 920 0261) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter.

Hul gee ook nou toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R270 345.00 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

18:00 JEUGMENTORS

Donderdag 27 Januarie

18:00 SELLEIERS OPLEIDING

19:00 JONG VOLWASSENES BYMEKAARKOMS

Die jong volwassene hou 'n Quiz- Night (Vasvrae kompetisie) in die Voortrekkersaal. Jy word hartlik uitgenooi na 'n aand waar ons jou algemene kennis oor Geloof/ Wetenskap/Sport/Geografie/ Musiek en nog vele ander terreine gaan toets. Gedurende die aand sal daar ook iets te ete en te drinke wees. Laat weet gerus vir Toit (084 240 2916) indien jy die aand wil bywoon.

Vrydag 28 Januarie

05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205.

Sondag 31 Januarie

08:30 EIETDSE DIENS EN KLEUTERKERK

Poppekas: Wismuis, Stoffel en Wouter kom kuier vir die eerste keer die jaar by ons.

09:45 KATEGESE

Van Sondag 31 Januarie vind kategese vir al die graad 1 tot graad 11 jeug om 9:45 by die kerkgebou plaas.



10:00 KLASSIEKE DIENS

SAKE vir GEBED:

- Ons dank die Vader vir al ons gemeentede wat veilig tuis is na die vakansie. Seën en sterkte vir die nuwe jaar wat met 'n reuse spoed afgeskop het.
- Ons dra al die gemeentes in die Ring van Algoa aan die Here op, dat alle aktiwiteite tot eer van die Here sal geskied.
- Ons bly laag op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van die damme van ons stad. Ons pleit dat die Here in Sy almag sal ingryp.
- Ons bid vir die skole wat hierdie week begin het. Ons bid vir onderwysers, leerders en ouers.
- Baie geluk aan elke matriek wie se uitslae aan verwagtinge voldoen het. As jy nie so goed gevaar soos jy gehoop het nie, baie sterkte en laat dit dien as nuwe motivering. Sterkte aan julle almal wat nou in 'n volgende fase van julle lewe is. Geniet dit!
- Mariana Strydom se ma is oorlede en Ronelle Wright se pa is oorlede. Ons bid vir vertroosting.
- Vir almal wat siek is, bid ons dat hulle genesing sal ervaar.
- Ons bid vir die bejaardes en almal wat om een of ander rede sukkel, vir moed en vir krag vir 2022. (Psalm 56:5b "In God stel ek my vertrou")

GEMEENTE BRING EN BRAAI

Op Sondag 13 Februarie 2022 beplan ons 'n gemeente bring en braai so van 11:30 se kant af agter die kerkgebou as inleiding tot Valentynsdag. Almal is welkom. Braaiers, roosters en kole sal voorsien word.

KERKRAAD EN DIENSWERKERS VAKATURES

Die gemeente het 'n 2 ouderling, 2 diaken en 8 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb vir Niekie.

Reis deur die Nuwe Testament saam met There4-bedieninge:

There4-bedieninge nooi al die dames uit om saam met Janine, via Zoom, deur die Nuwe Testament te reis. Kontak vir Nadia (082 336 0253) indien jy deel wil wees van hierdie reis.



VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 23 Januarie Quinn Coetzer en Joey Schnetler
- 24 Januarie Manja Kloppers, Hennie Meiring en Emmi Slabbert
- 25 Januarie Dave Cloete, Liezel Haarhoff, Karla Muller, Lance Opperman, Elsabe Pretorius, Dirk Rudolph en Zelda van Schaik
- 27 Januarie Stehan Krause en Lizanne Vorster
- 28 Januarie Nandel Beukes, Marony Jacobs, Jaco Morgan, Sune Potgieter, Helena Stroebel en Arne van Heerden
- 29 Januarie Jacques Claassen, Samantha Jackson, Luther Landman, Luc Roelofse en Marcia Thompson



DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

